


# ST. NEMESION

19 DESEMBER

(sterf 250)



Tydens die wrede vervolging van die Christene onder keiser Trajanus is daar in Alexandrië, Egipte, 'n man met die naam Nemesion valslik van diefstal aangekla. Toe hy voor die regter gebring is, vind hulle uit dat hy 'n Christen was. Hoewel hy onskuldig bevind is op die aanklag van diefstal, was sy Christenskap 'n veel ernstiger misdaad vir die owerhede. Hy is in die gevangenis opgesluit en wreed gefolter; hy het egter aangehou om sy geloof in Christus bely. Vier van die soldate wat hom moes bewaak, is so besiel deur sy openbare getuienis dat hulle na vore gekom het en ook beken het dat hulle in die geheim Christene was. Hulle name was Ammon, Zeno, Ptolemeus en Ignuus en hulle is saam met Nemesion en nog iemand genaamd, Theofilus op die brandstapel verbrand. Hulle heldhaftige dood het 'n geweldige impak op die plaaslike heidense bevolking gemaak en tot vele bekeringe gelei.